

"If you want something said, ask a man; if you want something done, ask a woman." Margaret Thatcher

GLORIA WEARE

Diegene wat die bedrywighede van CGA goed ken, weet dat Gloria die eintlike baas is, en dit al vir 22 jaar. Na hierdie 22 jaar tree Gloria nou aan die einde van Desember 2021 af. Gloria was 'n staatmaker by CGA, en in baie oë is sy die matrieg van CGA. As personeel gaan ons Gloria en haar sagte aanraking baie mis. Maar moenie geflous word deur die sagte aanraking nie; wanneer sy baasspelerig of hard op iemand moes wees; Pasop!! Sy was 'n goeie hekwagter vir my - jy het deur die volle "nine yards" gegaan voordat sy die oproep na my deurgesit het.

Gloria het in Februarie 2000 by die CGA aangesluit – die tweede werknemer wat deur die nuutgestigte Vereniging in diens geneem is. Sy het 'n besonder belangrike rol by die CGA-raad gespeel - en het 'n spesiale plek in die Direkteure se harte. Haar aandag aan detail met die organisering van reis en verblyf het beteken dat daar in alle spesiale behoeftes voorsien is. Ons wens Gloria alle sterkte toe, want sy gaan nou bietjie rus, baie reis en tyd saam met geliefdes spandeer.

Tanya Ungerer (tanya@cga.co.za) het al vir die afgelope paar maande saam met Gloria gewerk, en sal vanaf 1 Januarie 2022 as PA van die HUB oorneem. Ons verwelkom Tanya by die CGA-familie.

HIERDIE NUUSBRIEF IS OOK IN AFRIKAANS BESKIKBAAR

Elma Carstens (CRI) vertaal elke week hierdie Nuusbriëf in Afrikaans. Daar is 'n aparte groep wat die Afrikaanse Nuusbriëf ontvang. Sou u graag die Afrikaanse weergawe van die Nuusbriëf wou ontvang – of beide – kontak asseblief vir tanya@cga.co.za om u op die verspreidingslys te plaas.

CGA ROADSHOWS

Ons is besig om die finale datums vir die CGA Roadshows vas te maak - indien Covid dit toelaat - beplan ons om hierdie Roadshows oor die weke van 21-25 Februarie 2022 en 28 Februarie tot 4 Maart 2022 te hou. Soos gewoonlik sal ek aan die hoof van een span wees, en Paul Hardman van die ander. Ons sal die presiese datums per streek vroeg in 2022 finaliseer. Ons sien uit daarna om persoonlik met produsente te ontmoet – Zoom en telefoonoproepe doen dit net nie vir die CGA-personeel nie.

SUKSESVOLLE BESIGHEDE

In 'n onlangse lesing het 'n leier in landelike ontwikkeling soos volg aangehaal: "successful businesses are embedded in successful communities". In die sitrusbedryf verstaan baie produsente en hul besighede die wysheid van hierdie aanhaling, en is al jare lank besig met gemeenskapsbemaagtiging en -opheffing, tot voordeel van nie net die begunstigdes nie, maar vir die besigheid self. Ek wil hierdie produsente loof en hulle aanmoedig om hul pogings in 2022 te verdubbel, aangesien ons te staan kom voor 'n steeds groter wordende kloof tussen die wat het, en die wat nie het nie. Ek wil ook diegene wat nie by sulke programme betrokke is nie, uitdaag om betrokke te raak en die voordele daarvan om betrokke te raak, te verstaan. Daar is 'n rykdom van menslike kapitaal in die landelike gemeenskappe rondom ons plase wat net ondersteuning en aanmoediging nodig het.